# Voorwoord

Die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (ETFB) konsentreer in sy fokusarea, Taalbestuur, op die ondersoek na die ontwikkeling van 'n taalbeleid en die implementering daarvan in Suid-Afrika. As deel van hierdie ondersoekterrein is dit belangrik om ook 'n historiese perspektief op taalbeleidsontwikkeling te bekom. Die projek wat hier in publikasievorm verskyn, is een so 'n ondersoek wat die ETFB geloods het na die historiese omstandighede rondom die inwerkingstelling van 'n taalbeleid in Suid-Afrika, veral met betrekking tot taalbeleid in die onderwys.

Aangesien die Suid-Afrikaanse taalbestel beweeg het van 'n voorskriftelike tweetalige bedeling (Afrikaans/Engels) na 'n nie-voorskriftelike tweetalige bedeling (minimum van twee tale, ongedefinieerd) en die huidige onderwysbeleid voorsiening maak vir toegevoegde tweetalige onderwys, het die ETFB dit goedgedink om die totstandkoming van die tweetalige bestel in die onderwys histories uit te stippel. Die publikasie gee 'n kort agtergrond van die verloop hiervan vóór die totstandkoming van die Unie, maar laat die klem dan veral val op die bestel wat onder die Uniebewind tot stand gekom het. Tweetalige onderwys het in hierdie tyd sy beslag gekry en is met relatiewe sukses geïmplementeer waarna wegbeweeg is van 'n sterk vorm van tweetalige onderwys na 'n swakker vorm daarvan wat tans steeds in Suid-Afrika die praktyk is.

Ofskoon daar tans onder die akademiese gemeenskap in Suid-Afrika die gedagte groei om terug te beweeg na 'n sterk tweetalige bestel, sal dit na alle waarskynlikheid moeilik geïmplementeer kan word. Nietemin gee hierdie publikasie 'n geskiedkundige oorsig van die verloop van die totstandkoming van Suid-Afrika se tweetalige bestel en lewer dit interessante insigte oor hierdie geskiedenis op. Die publikasie vul 'n belangrike leemte in die dokumentering van taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika en behoort die grondslag te vorm vir voortgesette ondersoek op hierdie terrein.

Prof L T du Plessis

Direkteur: ETFB

Augustus 2004